

Rhus keeti Avontuurkamp

25 April - 1 Mei 2021

Geagte Verkenner!

Verlede jaar dié TYD het ons nog gedroom van die kamp wat sou plaasvind, en nooit sou ons raai dat die hele land tot stilstand sou kom nie. My hart was baie seer toe ons nie in 2020 kon kamp nie. Maar, dit is 'n nuwe jaar en dit is hoog TYD dat ons gereed maak om saam in die Waterberge te gaan speel en leer! Hiermee nooi ek jou hartlik uit om TYD op sy te sit om die TYD van jou lewe te kom hê by Rhus keeti Avontuurkamp.



Dit is nou die TYD en daar is somer hope kursusse om van te kies. Jy kan kom leer van die veld en oorlewing by **Veldvernuf** (R1 250) of kom beoefen jou strategiese beplanning en uitvoering by **Verfbal** (R1 500) (slegs vir Graad 8's en 9's).

Jy kan ook in die natuurskoon van die Waterberge meer oor bome kom leer by **Boomidentifisering** (R1 250) of voëls kom uitken by **Voëlidentifisering** (R1 250). Vir die kunstige en moderne Verkenner, is daar kursusse soos **Fotografie** (R1 250) en **Sterrekunde** (R1 250) (oop vir alle grade).

Vir die senior Verkenners (Graad 10 – 12) is daar somer 'n klomp ekstra kursusse om van te kies. **Kampbeveiliging** (R1 250) is een van jou opsies.

Die res van die senior kursusse vereis 'n 20% deposito om jou plek in die kursus te bevestig. Indien jy reeds jou leerling- of bestuurslisensie het kan jy jou bestuursvaardighede kom verbeter by **4x4 Veldry** (R1 750), **Bergfiets** (R1 250), **Gevorderde Boogskiet** (R1 800), **Jag- & Wildbeheer** (R1 600) en **Rotsklim** (R1 600) word ook weer op die kamp aangebied.



Ek weet dat Covid-19 nog 'n realiteit in ons lewens is en daarom gaan ons alles doen om 'n veilige EN lekker kamp vir almal te verseker. Let dus asseblief op die riglyne en protokolle wat ons in plek gaan hê:

- ✓ Die kamp sal beperk wees tot 250 persone.
- ✓ Indien jy enige verkoue/griepsimptome toon, gaan jy nie mag saam kamp tensy jy 'n Covid-19 negatiewe toets kan toon nie.

- ✓ Jy sal ook voor die aanvang van die kamp 'n Covid-vorm moet voltooi. Die vorm sal nader aan die tyd gesirkuleer word.
- ✓ Elke verkenner, offisier, kuiergas en ouer sal by aankoms op die kamp gevra word om die voorgeskrewe Covid-verwante vrae te beantwoord en jou temperatuur sal geneem word. Enige persoon wat as 'n risiko-geval beskou word, sal onmiddelik huis toe gestuur word en sal dus ongelukkig nie saam kan kamp nie.
- ✓ Elke kamper sal verplig wees om sy/haar masker te dra en die nodige sosiale afstande ten alle tye te hou.
- ✓ Alle ander Covid-regulasies soos voorgeskryf deur wetgewing sal geld en sal streng toegepas word.

So Verkenner, die TYD het uiteindelik aangebreek om vir die kursus van jou keuse in te skryf! Jy kan aanlyn inskryf by <http://inskrywings.voortrekkers.co.za>. Inskrywings open **12 Maart 2021 om 12:00** en sluit op **2 April 2021 om 12:00**.

Busvervoer is beskikbaar teen R350. Die bus vertrek Sondag, 25 April 2021 om 08:00 vanaf Hoërskool Waterkloof en sal weer terugkeer Saterdag, 1 Mei 2021. Vir elkeen se veiligheid stel ek voor dat, indien jy kan, jy eerder saam met jou ouers kamp toe ry. Indien jy egter met die bus wil ry, maak seker dat jy die korrekte opsie kies op jou inskrywingsvorm.

Ek sien uit om hierdie jaar saam met elkeen van julle op Rhus Keeti Avontuurkamp TYD te spandeer.

Voortrekkergroete,

Charl
Kamplieier

  www.voortrekkers.co.za



Die
Voortrekkers



hou **KOERS!**